

DIE SIRIESE APOKRIEWE PSALMS IN DIE MANUSKRIP 12T4^{1,2}

H F van Rooy

Opsomming

In hierdie artikel word die weergawe van die Siriese Apokriewe Psalms in die belangrike manuskrip 12t4 bespreek. Hierdie manuskrip is die enigste Psalmmanuskrip waarin die apokriewe psalms voorkom. Die Psalms vertoon 'n eie tradisie in hierdie manuskrip in vergelyking met die ander Siriese manuskripte, die Griekse weergawe van Psalm 151 en die Hebreuse weergawes van Psalms 151, 154 en 155 in die Psalmrol van die elfde grot van Qumran. Die manuskrip word ook gekenmerk deur belangrike korreksies in die teks en kantlynaantekeninge. Die korreksies en aantekeninge stem dikwels, maar nie altyd, ooreen met lesings in die ander Siriese manuskripte. Alhoewel die weergawe in 12t4 dikwels nader aan die Hebreus en Grieks is as die ander Siriese manuskripte, het die manuskrip ook unieke lesings wat nie met die teks van Psalm 151 in die LXX of Psalms 151, 154 en 155 uit Qumran ooreenkom nie.

Summary

This paper discusses the version of the Syriac Apocryphal Psalms in the important manuscript 12t4. This manuscript is the only Psalm manuscript containing the apocryphal psalms. The Psalms in this manuscript reflect a unique tradition in comparison with the other Syriac manuscripts, the Greek version of Psalm 151 and the Hebrew versions of Psalms 151, 154 and 155 in the Psalm scroll of the eleventh cave of Qumran. This manuscript also contains a number of important corrections in the text, as well as marginal notes. The corrections and notes agree often, but not always, with the readings of the other Syriac manuscripts. Although the version in 12t4 is often closer to the Hebrew and Greek than the other Syriac manuscripts, the manuscript does contain unique readings not related to the text of Psalm 151 in the LXX or to Psalms 151, 154 and 155 from Qumran.

- 1 Prof. H.F. van Rooy, professor in Semitiese Tale en Ou Testament, Departement Klassieke en Semitiese Tale, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2520 Potchefstroom, Suid-Afrika.
- 2 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n voordrag (The Syriac Apocryphal Psalms in the manuscript 12t4) gelewer tydens die International Meeting van die Society of Biblical Literature te Budapest, Hongarye, Julie 1995.

1. INLEIDING

Die bestaan van die vyf Siriese Psalms is sedert die agtiende eeu bekend (vgl. Baars, 1972:ii). Hebreeuse weergawes van drie van die vyf Siriese Apokriewe Psalms kom in 11QPs^a, die Psalmrol uit die elfde grot van Qumran, voor. In 1930 het Noth hierdie Psalms gepubliseer (Noth, 1930). Sy uitgawe het die standaarduitgawe gebly tot met die verskyning van die kritiese uitgawe van hierdie Psalms in die Leiden Peshitta (Baars, 1972). In sy uitgawe het Baars die teks van die manuskrip 12t4 as basiese teks gebruik. Hierdie manuskrip was nie tot Noth se beskikking nie. Die manuskrip is in baie opsigte uniek, met unieke lesings in sommige gevalle. Verder kom daar in die kantlyn van die manuskrip 'n aantal variante lesings voor. Sommige is bloot korreksies, ander stem met lesings van die ander manuskripte ooreen en 'n aantal is unieke variante. Daar is ook belangrike verskille in die inleiding tot die vyf Psalms en die opskrifte van die Psalms. Hierdie artikel fokus op die manuskrip 12t4, met aandag aan die inleidings en opskrifte in hierdie manuskrip, die kantlynaantekeninge en die unieke lesings in die manuskrip self, in vergelyking met die ander Siriese manuskripte en die teks van Qumran (waar beskikbaar).

'n Meningsverskil bestaan oor die oorsprong van die vyf Siriese Apokriewe Psalms. Dit word algemeen aanvaar dat die Siriese Psalm 151 afhanklik is van die weergawe van die Septuagint, wat weer op sy beurt afhanklik is van 'n Hebreeuse oorspronklike. Die Hebreeuse oorspronklike was of twee Psalms soos Psalm 151A en 151B van 11QPs^a, of 'n kombinasie van hulle reeds in Hebreeus. Psalm 154 en 155 word gewoonlik verbind aan Hebreeuse oorspronklikes baie soos die weergawes van hierdie Psalms in 11QPs^a. Noth (1930) was van mening dat die ander vier Psalms, soos Psalm 151, eers in Grieks en toe in Siries vertaal is. Hierdie standpunt word nie meer ondersteun nie. Sommige geleerdes meen dat Psalms 152 en 153 ook uit Hebreeus vertaal is, saam met 154 en 155 (vgl. Haran, 1988:171 voetnoot 1). Ander geleerdes meen egter dat Psalm 152 en 153 oorspronklike Siriese werke was (vgl. Van Rooy, 1994 en 1995). Ten opsigte van die verhouding tussen die verskillende Siriese manuskripte herhaal Van der Woude (1974:32) 'n stelling wat deur baie geleerdes gemaak word, naamlik dat die kantlynaantekeninge van 12t4 met die variante van al die ander Siriese manuskripte van die vyf Apokriewe Psalms ooreenstem.

2. DIE INLEIDING EN OPSKRIFTE VAN DIE SIRIESE APOKRIEWE PSALMS IN 12T4

Net Psalm 151 het in die Hebreeus 'n opskrif, terwyl al vyf opskrifte het in die Siriese tekste. Die opskrifte in die manuskrip 12t4 verskil in baie gevalle van die opskrifte in die ander manuskripte. Die opskrifte van Psalms 154 en 155 stem gedeeltelik ooreen met die opskrifte van die kanonieke Psalms 85 en 86 volgens die Nestoriaanse tradisie, 'n tradisie wat heeltemal verskil van die opskrifte van die Masoretiese teks. Die volgorde van die Psalm in 12t4 is ook uniek. In die verskillende manuskripte of uitgawes van die Peshitta verskyn die Psalms of sonder opskrifte, of met opskrifte wat heeltemal verskil van die opskrifte in die Masoretiese teks of die Septuagint. Die opskrifte gee korter of langer interpretasies van die inhoud van die Psalms (Bloemendaal, 1960:1). Bloemendaal gee in sy proefskrif 'n oorsig oor die geskiedenis van die bestudering van die opskrifte van die Psalms in die Peshitta en toon aan dat sedert die begin van die geskiedenis van die vertaling van die Psalms in Siries die Hebreeuse opskrifte nie deel van die vertaling was nie. Die opskrifte verskil ook in die verskillende Siriese tradisies. 'n Oos-Siriese en Wes-Siriese tradisie kan onderskei word, terwyl gemengde vorme ook voorkom. Die opskrifte van die Siriese Apokriewe Psalms hou verband met die Nestoriaanse tradisie.

2.1 Die algemene inleiding en die opskrif van Psalm 151

Al die manuskripte wat die vyf Apokriewe Psalms bevat, het 'n algemene inleiding voor Psalm 151. Daar is ook 'n aantal Siriese Psalmtekste wat Psalm 151 bevat, en hulle het ook 'n inleiding. In sommige gevalle stem hierdie inleiding ooreen met die inleiding tot Psalm 151 in die Septuagint. Die inleiding in 12t4 is soos volg:

Die een honderd en vyftigste. Dit kom nie in die Hebreeus voor nie. Daar is nie 'n inleiding tot die Psalm in die werk van Eusebius nie. En in die van Athanasius, wat die woorde van die heerlijkheid wat in die Here is, uitspreek: Maar selfs toe jy die kleinste was, is jy verkies tot 'n sekere nut vir jou broers. Jy is nie bo hulle verhef nie. Maar sing, terwyl jy die eer aan God gee wat jou verkies het. Die geseënde heer Theodorus die kommentator het ook nie 'n inleiding opgestel nie. In die Siriese kopieë is dit sy nommer.

Die ander Siriese manuskripte het die volgende opskrif: Weer: vyf Psalms van David wat nie in die ry van die Psalms geskryf is nie.

Die Septuagint se opskrif is soos volg: Hierdie Psalm is 'n idiograaf van David, buite die getal, toe hy alleen teen Goliat geveg het. Die opskrif van Psalm 151 in 12t4 is: Van David, toe hy alleen teen Goliat geveg het. Al die ander manuskripte het: 'n Danklied van Dawid. 11QPs^a het: Halleluja, van Dawid, die seun van Isai.

Vir die doel van hierdie bespreking is die onderskrif na Psalm 155 in 12t4 ook belangrik: Voltooi is met die hulp van ons Heer die Psalmbundel van die geseënde Dawid, profeet en koning, met vyf Psalms, wat nie van die getal is nie, Grieks of Hebreeus, maar, soos hulle sê, hulle word in Siries aangetref en ons het hulle geskryf vir die een wat gevra het.

Hierdie onderskrif aan die einde van die vyf Apokriewe Psalms is belangrik omdat dit aantoon dat die kopieerder onderskei het tussen die Kanonieke en Apokriewe Psalms. Hy tref hierdie onderskeid selfs ten opsigte van Psalm 151, wat wel in die Septuagint voorkom. Hy ken die vyf Apokriewe Psalms as 'n eenheid in Siries, wat as sodanig aan hom oorgelewer is en wat hy op versoek in die manuskrip ingesluit het. Al ken hy die vyf as 'n groep, onderskei hy wel Psalm 151 van die ander vier deur die afsonderlike inleiding tot Psalm 151 en die nuwe inleiding voor Psalm 152.

Wat die nommers van die Psalms betref, het net 12t4 die nommers. Die nommer 151 is nie 'n nuwe skepping van die kopieerder van 12t4 nie. Dieselfde nommer kom ook voor in 6h22, die Siriese weergawe van die kommentaar van Athanasius, en ook in die brief van Athanasius aan Marcellinus, waar die nommer aangedui word deur PNA'. Die feit dat die woorde van die brief van Athanasius deur 12t4 aangehaal word, maak die kopieerder direk of indirek afhanklik van Athanasius. Die afhanklikheid aan Athanasius word bevestig deur die opskrif van Psalm 151 in 12t4, direk na die inleiding, waar na Athanasius verwys word. Die Septuagint noem hierdie Psalm 'n ἰδιόγραφος van Dawid. In die Siriese weergawe van die kommentaar van Athanasius word dit weergegee met 'n aanduiding dat hierdie Psalm deur Dawid geskryf is. Die verwysing dat hierdie Psalm buite die getal is (d.w.s. nie-kanoniek), kom nie in 12t4 se inleiding voor nie, maar wel in die onderskrif na Psalm 155. Dit kan dus aanvaar word dat met betrekking tot die nommer en die inleiding die kopieerder van

12t4 afhanklik was van Athanasius. Sowel die opskrif as die onderskrif onderskei, in ooreenstemming met Athanasius, tussen die voorafgaande Kanonieke Psalms en hierdie vyf Apokriewe Psalms. Die ander manuskripte wat deur Baars in sy kritiese teks gebruik is, het 'n inleiding wat verskil van die een van 12t4. In hierdie inleiding word die Apokriewe Psalms ook geskei van die inhoud van die res van hierdie manuskripte.

Die verwysing na Goliat in die opskrif van 12t4 kom ook via Athanasius, wat afhanklik is van die Septuagint. Athanasius verskil egter van die Septuagint deurdat hy Psalm 151 as 'n Apokriewe Psalm beskou het. In hierdie opsig stem 12t4 ook met Eusebius, Athanasius en Theodorus van Mopsuestia ooreen.

Psalm 151 is 'n lied wat aan Dawid toegeskryf word. Dit beklemtoon sy verkiesing tot koning en verwys na sy oorwinning oor Goliat (aan die einde van die Psalm - dit stem waarskynlik ooreen met die beskadigde Psalm 151B van Qumran). Die opskrif in 12t4 en die Septuagint stem met hierdie laaste deel van die Psalm ooreen. Die opskrif van Psalm 151A in 11QPs^a het nie hierdie verwysing na Goliat nie, maar dit kan maklik verklaar word deur die feit dat Psalm 151A nie 'n verwysing na Goliat het nie. Die opskrif van die ander Siriese manuskripte - 'n danklied van Dawid - verbind die Psalm met Dawid, maar nie spesifiek met die Goliat-episode nie. Hoe dit ookal sy, die Siriese manuskripte het duidelik twee tradisies oor die opskrif, met 12t4 beïnvloed deur Athanasius en die opskrif van die ander manuskripte waarskynlik verwant aan die opskrif van 'n verlore Hebreeuse *Vorlage* wat verwant kon gewees het aan Psalm 151A+B van Qumran.

2.2 Die inleidings van Psalms 152 en 153

12t4 het 'n aparte inleiding voor Psalm 152. Dit hou deels verband met Psalm 152 en deels met die laaste vier Psalms as 'n geheel: die een honderd en twee en vyftigste. Inleidings bestaan nie deur Eusebius en Athanasius en die heer Theodorus die kommentator nie. Maar hierdie vier Psalms is hier geskryf.

Die opskrif van Psalm 152 is soos volg: Uitgespreek deur Dawid toe hy geveg het met 'n leeu en 'n beer wat skape van sy kudde weggedra het.

Die opskef van Psalm 153: Uitgespreek deur Dawid toe hy genade van God ontvang het, toe Hy hom verlos het van die leeu en die beer en hy hulle twee met sy hande gedood het.

Skehan (1976:147-149) bestee baie aandag aan die opskefte van Psalms 151-154 en die inleidings omdat hulle belangrik was vir sy standpunt oor hierdie Psalms. Hy toon aan dat Psalms 152 en 153 in die Siries met 151 verbind is. Die opskefte is belangrik om dit te bewys. In 12t4 is 'n doelbewuste poging aangewend om Psalms 151, 152 en 153 te verbind. Die opskefte van Psalm 152 en 153 verbind hulle aan die inhoud van Psalm 151 en die band word versterk deur die byvoeging in die kantlyn van 12t4 aan die einde van Psalm 151:1.

Die aparte inleiding tot Psalms 152-155 in 12t4 sê weer dat Athanasius, Eusebius en Theodorus nie inleidings tot hierdie Psalms opgestel het nie. Deur hierdie aparte inleiding word hierdie vier Psalms as apokrief aangedui en hulle word as 'n aparte groep, los van Psalm 151, beskou.

Skehan se siening dat die opskefte van Psalms 152 en 153 hierdie Psalms aan Psalm 151 verbind, is heeltemal aanvaarbaar. Beide word aan Dawid toegeskryf en beide hou verband met die gegewens in 1 Samuel. Dit is ook duidelik, soos Skehan oordeel, dat die opskefte 'n nouer band lê tussen hierdie twee Psalms en Samuel in die Peshitta as wat die geval is met die inhoud van die twee Psalms.

2.3 Die inleidings van Psalms 154 en 155

Psalm 154 se inleiding is: Die gebed van Hiskia toe die Assiriërs hom omsingel het en hy van God verlossing van hulle gevra het. Toe die volk toestemming van Cyrus ontvang het om na hulle eie land terug te keer en hulle God gevra het om hulle verwagtinge te vervul. Die ander manuskripte het: die gebed van Hiskia toe vyande hom omsingel het.

Psalm 155 se inleiding is: Gebed van Hiskia toe die Assiriërs hom omsingel het en hy van God bevryding van hulle gevra het. Die ander manuskripte het: Toe die volk toestemming van Cyrus ontvang het om na hulle eie land terug te keer.

Vir Psalm 154 en 155 is die opskefte van Psalms 85 en 86 in die Oos-Siriese tradisie baie belangrik omdat die opskefte van hierdie twee Apokriewe Psalms in al die tradisies verband hou met daardie opskefte.

Skehan (1976:156) het ook die opskefte van Psalms 154 en 155 bespreek. Hy het aangetoon dat die dubbele opskef van Psalm 154 in 12t4 verband hou met die bekende Oos-Siriese opskefte van Psalm 85 en 86. Daardie opskefte hou weer verband met die opskefte of opsommings van Theodorus van Mopsuestia en het 'n vaste vorm verkry in die Oos-Siriese weergawe van die Peshitta teen die einde van die sesde eeu. Hy meen egter dat die samesteller bedoel het om die gebed van Hiskia aan Psalm 155 te verbind en dat die tweede deel van die opskef van Psalm 154 vir daardie Psalm bedoel was. Al die ander getuies het dit egter andersom, met die Hiskia-opskef by Psalm 154 en die een wat na Cyrus verwys by Psalm 155.

Die opskefte van Psalms 154 en 155 in 12t4 en die ander manuskripte verskil baie. Soos Skehan aangetoon het, is die opskefte verwant aan die Oos-Siriese opskefte van Psalms 85 en 86, maar die opskefte wat vir die Apokriewe Psalms 154 en 155 gebruik word, is nie identies met die opskefte van Psalms 85 en 86 nie. Wanneer die inhoud van hierdie twee Psalms in gedagte gehou word, kan Skehan se opmerking dat 'n mens die opskef van Psalm 85 by Psalm 154 en Psalm 86 s'n by Psalm 155 sou verwag, ondersteun word. Psalm 154 in 12t4 verbind egter die twee opskefte en die ander manuskripte het 'n aangepaste weergawe van die opskef van Psalm 86. Die opskef van Psalm 86 is eerste in 12t4, gevolg deur die opskef van Psalm 85.

Die ander manuskripte het ook die opskefte van Psalms 85 en 86 gebruik. In die geval van Psalm 154 het hulle die Hiskia-opskef gebruik, maar in 'n unieke vorm. Die ander manuskripte gebruik kort weergawes van die opskefte van die Oos-Siriese tradisie en een unieke lesing met die verwysing na vyande pleks van na die Assiriërs in Psalm 154. Die tradisie van die opskefte in die ander manuskripte moet op een of ander wyse verband hou met die opskefte soos in 12t4, omdat almal die opskefte van dieselfde twee Kanonieke Psalms gebruik. Dit is egter duidelik dat 12t4 en die ander manuskripte twee verskillende tradisies verteenwoordig, soos wat ook die geval is met die inhoud van die twee Psalms (vgl. Van Rooy, 1993a en 1993b).

Hierdie studie toon sommige belangrike verskille en ooreenkomste aan in die Siriese opskefte van die Apokriewe Psalms. In die geval van Psalm 151 is 12t4 beïnvloed deur Athanasius en die ander Siriese manusk-

ripte hou moontlik verband met 'n verlore Hebreuse *Vorlage*. Die opskrifte van Psalms 152 en 153 was deel van 'n poging om hierdie twee Psalms nouer aan Psalm 151 en die Peshitta van 1 Samuel 16 en 17 te verbind. Die redes vir die verskille in die opskrifte van Psalms 154 en 155 is tans nog nie bepaalbaar nie.

3. DIE KANTLYNAANTEKENINGE EN KORREKSIES IN 12T4

'n Groot aantal kantlynaantekeninge en korreksies kom in 12t4 voor. Dit is onmoontlik om 'n volledige bespreking van al die korreksies en aantekeninge te gee in hierdie artikel. Gevolglik sal in die bespreking met enkele voorbeelde van die verskillende soorte aantekeninge en korreksies volstaan word. Aan die begin is verwys na 'n stelling van Van der Woude oor die verwantskap tussen hierdie aantekeninge, die ander manuskripte en die oorspronklike Hebreuse weergawes, waar beskikbaar. Die stelling is die eerste keer deur Baars in sy kritiese uitgawe gemaak (Baars, 1972:iv). Hy het gesê dat in die gevalle waar die verskil tussen die lesing van 12t4 en die kantlyn in Hebreuse ekwivalente uitgedruk kan word, 12t4 nader aan die Hebreus is, terwyl die kantlynaantekeninge ooreenstem met die lesings van al die ander Siriese manuskripte. Hierdie stelling is egter nie in alle gevalle korrek nie en die presiese stand van sake is meer ingewikkeld as wat die stelling pretendeer.

In enige bespreking moet goed onderskei word tussen die kantlynaantekeninge en die korreksies wat in die teks aangebring is. Die verspreiding van die kantlynaantekeninge en die korreksies in die teks is nie dieselfde in al die Psalms nie. Daar kom in totaal 42 kantlynaantekeninge en korreksies in 12t4 voor en hulle kan in elf groepe verdeel word. Hieronder word die elf groepe vermeld, met 'n aanduiding van waar die verskillende voorbeelde voorkom. In elke geval sal een van die voorbeelde kortliks bespreek word.

1. Korreksies wat met die lesing van die ander manuskripte ooreenstem: 155:9, 16 and 21. In hierdie gevalle is daar foute in die teks van 12t4, wat in die teks reggestel word. In Psalm 155:9 het 12t4 die foutiewe lesing *lpyyny*, wat gekorrigeer is tot *lpyny*, soos die korrekte lesing van die ander manuskripte.

2. Korreksies sonder ooreenstemmende lesings in die ander manuskripte: 151: opskrif en 153:4. In die opskrif van Psalm het 12t4 *'ktb*, wat gekorrigeer is tot *'kts*. Die ander manuskripte het 'n ander opskrif, sodat die lesings nie vergelyk kan word nie.

3. Kantlynaantekeninge wat korreksies van die teks is: 155:13 en 19. In Psalm 155:13 word die foutiewe lesing *gʿb* in die kantlyn gekorrigeer tot *gbr*, in ooreenstemming met die lesing van die ander manuskripte.

4. Pseudo-korreksies in 12t4 wat met die lesing van al die ander manuskripte ooreenstem: 151:3, 4, 5, 7 (drie gevalle); 154:2 en 20. In Psalm 152:3 word die lesing *wmnnw* gekorrigeer tot *mnw*, soos al die ander manuskripte. Met 'n pseudo-korreksie word bedoel dat daar in die teks 'n korreksie aangebring is op 'n plek waar die teks soos dit staan heeltemal verstaanbaar is, maar dit word gekorrigeer, gewoonlik in ooreenstemming met lesings van ander manuskripte.

5. Pseudo-korreksies wat met die lesing van die meerderheid ander manuskripte ooreenstem: 155:12. In hierdie geval het 12t4 *wmrdwty* terwyl die korreksie *wmrdwty* lees, soos al die ander manuskripte, behalwe een.

6. Pseudo-korreksies wat nie identies is met die lesing van die ander manuskripte nie, maar wat wel daarmee verband hou: 154:18. Hier het 12t4 *bryk*, die ander manuskripte *brykw* en die korreksie in 12t4 is *bryk hw*, wat nou aansluit by die lesing van die ander manuskripte, as 'n ortografiese variant.

7. Pseudo-korreksies wat nie verband hou met die lesings van die ander manuskripte nie: 154:16 en 155:18. In Psalm 154:16 wil die korreksie h' uitlaat. Die lesing kom nie in 'n ander manuskrip voor nie, maar word wel as 'n pseudo-korreksie beskou, omdat die lesing van 12t4 heeltemal sinvol is.

8. Kantlynaantekeninge wat met die lesing van al die ander manuskripte ooreenstem: 151 :1 (twee gevalle), 3 (twee gevalle); 154:8 (twee gevalle), 13; 155:2, 5, 9, 12, 15 (twee gevalle) en 19. In Psalm 151:1 voeg die kantlyn *ʿty* in na *zʿwr*, soos wat al die ander manuskripte doen.

9. Kantlynaantekeninge wat met die meerderheid van die ander manuskripte ooreenstem: 155:5 en 6. In Psalm 155:6 het 12t4 *tglyh*, terwyl die kantlyn en die meerderheid van die ander manuskripte *tgl'* het.

10. Kantlynaantekeninge wat met een van die ander manuskripte ooreenstem: 151:3 en 155:19. In Psalm 151:3 wil die kantlyn die tweede *hwyw* met *hw* vervang, net soos 19E21.

11. Unieke lesings: 151:4, 7; 154:8, 9 en 14.

Daar is slegs een aantekening by Psalm 152 en geen by Psalm 153 nie. In Psalm 152 kom 'n korreksie voor op 'n plek waar 12t4 van al die ander manuskripte verskil, deurdat die ander manuskripte die betrokke woord uitgelaat het. In die geval van die ander drie psalms is daar 'n groter ooreenkoms tussen die aantekeninge in 12t4 en die variante lesings in die ander manuskripte, maar hulle stem nie altyd ooreen nie. Van die twee en veertig kantlynaantekeninge en korreksies is net vyf korreksies en twee kantlynaantekeninge korreksies van foute in 12t4. Vyf kom in Psalm 155 voor en een elk in Psalm 151 en 153. Die opmerking van Baars waarna verwys is, is nie altyd korrek nie. Agt korreksies (pseudo-korreksies) en veertien kantlynaantekeninge stem wel met al die ander manuskripte ooreen, dit wil sê, net meer as die helfte van al die gevalle. Hierby kan nog een korreksie en twee kantlynaantekeninge gevoeg word wat met die meerderheid van die ander manuskripte ooreenstem, een wat met die ander manuskripte se lesing verband hou en twee aantekeninge wat met een van die ander manuskripte ooreenstem.

Hierna is daar egter nog steeds sewe lesings wat nie met die lesings van die ander manuskripte gelykgestel kan word nie. Dit is die korreksies in Psalm 154:16 en 155:18 en die unieke lesings in Psalm 151:4 en 7 en Psalm 154:8, 9 en 14. Op grond van hierdie variante is dit duidelik dat 12t4^{ms} nie bloot die variante in ooreenstemming met die ander manuskripte aanbied nie, maar dat dit 'n verwante, maar tog verskillende, tradisie bied.

4. DIE TEKS VAN 12T4 IN VERGELYKING MET DIE ANDER SIRIESE MANUSKRIPTE EN DIE GRIEKS EN HEBREEUS, WAAR BESKIKBAAR

Die voorafgaande afdeling het die korreksies en kantlynaantekeninge van 12t4 bespreek. Hulle sal net aandag ontvang in hierdie afdeling in die gevalle waar hulle verband hou met die lesings van die ander Siriese manuskripte, 11QPs^a en die Septuagint. Die gevalle waar net 'n paar van die ander Siriese manuskripte van 12t4 verskil, sal ook nie bespreek word nie, veral wanneer daardie variante nie baie belangrik is nie. In die bespreking word die vyf Psalms in drie groepe verdeel, naamlik Psalm 151 (wat in Siries, Grieks en Hebreeus beskikbaar is), Psalms 152 en 153 (wat net in Siries beskikbaar is) en Psalms 154 en 155 (wat in Siries en Hebreeus beskikbaar is).

4.1 Psalm 151

Hierdie Psalm kom voor in die manuskripte wat die vyf Siriese Apokriewe Psalms bevat, in 'n aantal Psalmmanuskripte van die Peshitta, in Hebreeus in 11QPs^a en in die Septuagint. Dit word algemeen aanvaar dat die Siriese Psalm 151 'n vertaling van die Septuagint is (vgl. Sanders, 1965:54 en Wigtil, 1983). In die Siries kan vier tradisies onderskei word, naamlik 12t4, 12t4^{ms}, die ander Siriese manuskripte met die Apokriewe Psalms en die Peshittamanuskripte. Dit is onmoontlik en onnodig om aan al die variante in laasgenoemde aandag te gee.

'n Vergelyking van 12t4 met die weergawe van hierdie Psalm in die Peshitta Psalmmanuskripte toon duidelik die verwantskap tussen die twee tradisies aan. In sy uitgawe bied Baars ook die teks van Psalm 151 in die Peshitta-tradisie en gebruik 6h22 as sy basiese teks. Die opskrifte stem ooreen en is verwant aan die opskrif in die Septuagint. Daar is wel 'n aantal verskille:

- 12t4 het *ddwyd* aan die begin van die opskrif. 6h22 het dit nie, maar het wel 'n verwysing na Dawid in die voorafgaande inleiding tot hierdie Psalm.
- In vers 1 laat 12t4 *'yty* na *z'wr'* weg, wat ook gebeur in vier van die Peshitta-manuskripte wat Baars gebruik het.

- In vers 2 het 12t4 ^c*bdyn* teenoor die lesing ^c*bd* in 6h22. Die lesing van 12t4 kom in 13 van die 15 manuskripte wat Baars gebruik het, voor. 12t4 voeg ook 'n *w* voor *sb^cty*, soos 8 van die ander manuskripte. 12t4 het *lh^myn* teenoor 6h22 se *lh^m*, soos 10 van die ander manuskripte.
- Teen die einde van vers 3 kom 'n belangrike verskil tussen 12t4 en 6h22 voor. 12t4 het *hwyw mry' hwyw 'lh' dyl*. 6h22 het *hw mry' hw 'lhy*. Die gebruik van *hwyw* in 12t4 is uniek en dit is die enigste geval waar die lesing van 12t4 nie in 6h22 of enige van die ander Psalm-manuskripte wat Baars gebruik het, voorkom nie. Die variant aan die einde van hierdie vers kom in 10 van Baars se manuskripte voor.
- Aan die einde van vers 7 het 12t4 *bny' dysryl* en 6h22 *bny' ysr'l*. Die lesing *bny' d'ysr'l* kom in sewe van die manuskripte wat Baars gebruik het, voor.

Nie een van hierdie variante is baie belangrik vir die inhoud van die Psalm nie. Wanneer die Siriese teks met die teks van die Septuagint vergelyk word, is dit baie duidelik dat die Siries baie naby aan die Grieks is. In vers 2 het die Grieks die musiekinstrumente in die enkelvoud, terwyl 12t4 albei in die meervoud het. Hierdie verskil hou egter net met die vokalisasie verband. Die *w* voor *sb^cty* in vers 2 in 12t4 stem met die Septuagint ooreen. Die ander variante in die Siries is stilisties van aard en sê niks oor die *Vorlage*.

Aan die einde van vers 3 stem 12t4 en 6h22 saam teenoor die Septuagint. Die Septuagint eindig met "Hy hoor", teenoor die "Hy is my God" in die Siries. Vier van Baars se manuskripte het ook variante met "hoor". Verder is daar geen belangrike verskille tussen die Septuagint en 12t4 en 6h22 nie.

Die kantlynaantekeninge en korreksies in 12t4 is in die vorige afdeling bespreek. Heelwat van die variante in die ander Siriese manuskripte met die vyf Apokriewe Psalms stem dikwels ooreen met die kantlynaantekeninge en korreksies in 12t4. Dit is die geval in Psalm 151:1 (twee keer), 3 (twee keer), 5 en 1:7 (drie keer).

Die ander Siriese manuskripte het egter nog 'n paar variante wat nie in 12t4^{ms} voorkom nie:

- Die opskrifte verskil - vergelyk bo.
- In vers 3 het die ander manuskripte *ly* na *mh^w*.
- In vers 3 het die ander manuskripte (behalwe 19E2¹) *hw'* plaas van die tweede *hwyw*.
- In vers 3 het die ander manuskripte *lhy* plaas van *lh'*.
- In vers 6 het die ander manuskripte *wⁿpqt* plaas van *npqt*.

Variante wat net in 'n paar van die ander manuskripte voorkom, word twee keer in vers 2 aangetref. Hulle word vir die verdere bespreking buite rekening gelaat.

Die opskrif is reeds bespreek. Die byvoeging van *ly*, die lesing van *hw'* plaas van die tweede *hwyw* in al die ander manuskripte in vers 3 en die byvoeging van *w* aan die begin van vers 6 kom nie in enige van die Peshitta-manuskripte voor nie. Die lesing *lhy* plaas van *lh'* in vers 3 stem met die lesing van die Peshitta-manuskripte saam, maar nie met die Septuagint nie. Dit reflekteer 'n ander tradisie in die Siries. In die meeste gevalle is hierdie variante stilisties van aard. Die bestaan van 'n ander tradisie in Siries word ook aangetoon deur al die variante waar die lesing van die ander manuskripte met 12t4^{ms} saamstem, veral die belangrike byvoeging aan die einde van vers 1.

Wanneer die Siriese en Griekse weergawes van Psalm 151 vergelyk word met 11QPs^a word 'n aantal belangrike verskille duidelik (vgl. Sanders, 1965:58-59). Die verhouding tussen die Hebreeuse, Griekse en Siriese tekste het reeds baie aandag geniet en verdere studie is nodig, maar die vergelyking maak dit duidelik dat Psalm 151 in 12t4 nou verwant is aan die Septuagint se weergawe.

4.2 Psalms 152 en 153

Al die variante in hierdie twee Psalms is elders volledig bespreek en dit is onnodig om al die detail te herhaal (vgl. Van Rooy, 1994 en 1995).

4.2.1 Psalm 152

Die belangrike variante is die waar al die ander manuskripte van 12t4 verskil. In sy tekskritiese apparaat het Baars (1972:5) 22 variante. Vier van die variante kom elk net in een manuskrip voor, vier elk in vier of meer van die ander manuskripte en veertien in al die ander manuskripte.

Sommige van die variante is bloot stilisties van aard, soos in die opskrif waar al die ander manuskripte *hw'* by 'n deelwoord voeg. Sommige van die variante is egter inhoudelik van belang en aan hulle sal meer aandag gegee word.

- In vers 2 kom die woord 'ry' twee keer voor. Al die ander manuskripte het die tweede 'ry' met *d'b'* vervang. Charlesworth en Sanders (1985:616) oordeel dat 12t4 hier 'n foutiewe lesing het. Dit is egter ook moontlik, as 'n Hebreuse oorspronklike aanvaar word, dat verskillende Hebreuse woorde gebruik kon gewees het en deur dieselfde woord in Siries weergegee is. Die Siriese 'ry' word in Psalm 22:14 gebruik om 'ryb te vertaal en in Psalm 22:17 vir 'ry.
- In vers 3 voeg al die manuskripte *d'by* by *gzrb*. Dit kan beskou word as deel van 'n poging om hierdie Psalm meer eksplisiet met 1 Samuel 17 te verbind, waar Dawid in vers 34 sê dat hy 'n herder was vir 'by (my vader) in die Peshitta (die MT het 'byw (sy vader)).
- In vers 4 het al die manuskripte 'n duidelike skryffout pleks van die lesing *nt'mn* van 12t4.
- In vers 5 het al die manuskripte *d'b'* pleks van *mw'*. Dit kan ook beskou word as deel van 'n poging om hierdie Psalm nouer met 1 Samuel 17 te verbind.
- Al die manuskripte het 'n byvoeging in vers 5, naamlik *srwh'*, met dieselfde doel as die ander byvoeging in hierdie verse.
- In vers 5 het al die manuskripte 'ydybyn' pleks van *pwmbyn*.

Die veertien variante wat in al die ander manuskripte voorkom kan as getuie dien dat hierdie manuskripte dieselfde tradisie verteenwoor-

dig, terwyl 12t4 'n eie tradisie verteenwoordig. Sommige van hierdie variante het bloot met 'n verskil in vokalisasie te doen (soos die weglating van die seyame in twee gevalle), sommige is stilisties en sommige is nie op hulle eie belangrik nie. Sommige is wel belangrik vir die onderskeiding van die twee tradisies, maar affekteer nie die betekenis van die Psalm nie. So is ook die variante wat net in 'n paar manuskripte voorkom nie belangrik vir die verskil in tradisie nie.

Daar bly egter 'n aantal variante oor wat aandui dat die Psalm aangepas is in die Siriese oorlewering om die band met 1 Samuel 17 te versterk. Dit sluit in die lesing *d'b'* pleks van die tweede 'ry' in vers 3 en pleks van *mw'* in vers 5 en die byvoeging van *wd'b' srwh'* in vers 5. As aanvaar word dat die opskrif later as die oorspronklike Psalm gedateer moet word, kan die veranderinge in dieselfde tyd as die opskrif gedateer word, of kort daarna. Dit is in elk geval duidelik dat die variante verband hou met die oorlewering van die Psalm in Siries, juis op grond van die band met 1 Samuel 17 in die Peshitta.

4.2.2 Psalm 153

In Baars se kritiese uitgawe (1972:6) word 12 variante aangedui. Hier is geen kantlynaantekeninge of korreksies in 12t4 nie, sodat al die variante tussen 12t4 en een of meer van die ander Siriese manuskripte is. Die eerste variant is die nommer wat in 12t4 aan die Psalm gegee word. Van die ander elf variante kom vyf in die opskrif voor, twee in vers 2, een in elk van verse 3 en 4 en twee in vers 5. Die variante kan soos volg ingedeel word, met weer net een voorbeeld by elke groep:

- In vyf gevalle stem al die ander Siriese manuskripte saam teen 12t4. Hiervan kom drie in die opskrif voor en een elk in verse 3 en 5. In die opskrif kom byvoorbeeld *b'ydwby* (met sy hande) voor, wat deur al die ander manuskripte weggelaat word.
- Daar is drie gevalle waar 18E1 'n lesing het wat van al die ander manuskripte verskil, twee in vers 2 en een in vers 5. In al die ander manuskripte word in vers 2 gesê dat die Here Dawid uit die hande van die dood gered het. 18E1 stel dat dit uit die mond van die dood was.
- Daar is twee gevalle in die opskrif waar die meerderheid van die ander manuskripte 'n ander lesing as 12t4 het, met een of twee van die ander

manuskripte wat met 12t4 saamstem. In die eerste geval het 12t4 *tybwtb* en die meerderheid van die ander manuskripte *tybwt'* (sy goeie teenoor die goeie). 18E1 stem met 12t4 saam.

- In vers 4 het 19E1* *dl'* weggelaat.

Soos in die geval van die ander Siriese Psalms moet aanvaar word dat die opskrif nie deel van 'n Hebreeuse oorspronklike sou gewees het nie. Dit is verder duidelik dat daar belangrike verskille tussen die opskrif in 12t4 en in die meerderheid van die ander Siriese manuskripte is. In drie gevalle verskil al die ander manuskripte van 12t4 en in die ander twee gevalle stem telkens net een manuskrip met 12t4 ooreen. Wat die ander variante betref, kom die belangrikste een in vers 3 voor, waar 12t4 *w'p* lees en al die ander manuskripte *w'pq*. Albei die lesings maak sin. Die vers bestaan uit twee parallelle dele. Die eerste helfte eindig met 'n werkwoord (Hy het my verlos). In 12t4 begin die tweede helfte met "en ook", en die werkwoord van die eerste helfte word in die tweede helfte veronderstel. In die ander manuskripte begin die tweede helfte met 'n werkwoord ("en Hy het my laat opkom"). Hierdie verskil is duidelik die gevolg van die oorlewering van die Psalm in Siries. Die verskil tussen die twee lesings is die byvoeging of weglating van die letter *p*. Dit is waar van al die variante in hierdie Psalm dat hulle aan die oorlewering in Siries toegeskryf kan word.

Wanneer Psalms 152 en 153 saam bekyk word, is dit duidelik dat daar twee tradisies in die Siries onderskei kan word en dat die manuskrip 12t4 die meer oorspronklike tradisie verteenwoordig. Die belangrike variante in die ander manuskripte is of stilisties van aard of deel van 'n poging om hierdie Psalms nouer te verbind aan 1 Samuel in die Peshitta.

4.3 Psalms 154 en 155

Dit is onmoontlik om hier al die variante in Psalms 154 en 155 te bespreek (vgl. Van Rooy, 1993a en b). Die variante sal gebruik word om die manuskrip 12t4 in sy verhouding tot die ander Siriese manuskripte en 11QPs³ te definieer.

4.3.1 Psalm 154

'n Groot aantal variante kom in die Siriese manuskripte en tussen die Siries en die Hebreeus voor. As die belangrike variante in ag geneem word, meer as dertig (vgl. Van Rooy, 1993a:107), blyk dit dat in ongeveer die helfte van die gevalle al die Siriese manuskripte saamstem teenoor die Hebreeus. Dit is dus duidelik dat al die Siriese manuskripte dieselfde breë tradisie verteenwoordig. 12t4 word meermale beskou as nader aan die Hebreeus as die ander manuskripte. Dit is die geval met 'n aantal variante, in verse 9, 11 (2x) en 12 (2x) (vgl. Van Rooy, 1993a:105). Daar is ook drie variante (in verse 8, 10 en 13) waar die ander manuskripte en die Hebreeuse saamstem teenoor 12t4 (vgl. Van Rooy, 1993a:104-105). Dit maak dit duidelik dat die *Vorlage* van Psalm 154 nie identies was met die teks van Qumran nie. In die loop van die Siriese oorlewering van die teks het verskille ontwikkel. 12t4 en die ander manuskripte verteenwoordig twee tradisies in die Siries.

4.3.2 Psalm 155

In Psalm 155 kom 22 belangrike variante voor. Vir die doel van hierdie artikel kan net gelet word op die belangrikste groepe variante.

- Daar is vyf gevalle waar al die Siriese manuskripte van die Hebreeus verskil - in verse 2, 7 (twee keer), 10 en 17.
- Daar is drie gevalle waar die Hebreeus en 12t4 saamstem teenoor die ander Siriese manuskripte en waar daar geen kantlynaantekeninge in 12t4 is nie - in verse 3, 7 en 13.
- Daar is twee gevalle waar die Hebreeus en 12t4 saamstem teenoor die ander Siriese manuskripte en waar daar wel kantlynantekeninge in 12t4 is wat met die ander Siriese manuskripte ooreenstem - in verses 2 en 8.
- Daar is vier gevalle waar die Hebreeus en al die Siriese manuskripte insluitend 12t4^{mg} saamstem teenoor 12t4 - in verse 5, 9, 12 en 13. Drie van hierdie gevalle is waarskynlik skryffoute in 12t4 en dus nie belangrike variante nie.

- Daar is een geval waar die Hebreëus en al die Siriese manuskripte saamstem teenoor 12t4 en waar daar nie 'n kantlynaantekening in 12t4 is nie— in verse 10.
- Daar is een geval waar die Hebreëus een variant het, 12t4 'n ander en die ander Siriese manuskripte en 12t4^{mg} 'n variant wat nader is aan 12t4 as aan die Hebreëus - in vers 15.

As al hierdie variante in ag geneem word, kan drie tekstradisies onderskei word. Een word deur die Hebreëus verteenwoordig, een deur 12t4 en die derde deur die ander Siriese manuskripte. 12t4 is nader aan die Hebreëus as die ander Siriese manuskripte, maar die vyf variante waar dit met die ander Siriese manuskripte ooreenstem en waar 'n beter teks die Siries ten grondslag lê as wat in die Hebreëus van Qumran aangetref word, maak dit moontlik dat die *Vorlage(n)* van die twee Siriese tradisies 'n ouer tradisie as die teks van Qumran verteenwoordig. Die feit dat die Hebreëus van Qumran ouer is as die Siriese manuskripte sluit nie die moontlikheid van better lesings in sommige gevalle in die Siries uit nie. 12t4^{mg} reflekteer waarskynlik 'n Siriese teks na aan, maar nie identies met, die ander Siriese manuskripte, maar van dieselfde tradisie. Dat die aantekeninge nie van 'n Hebreëuse teks nie, maar van 'n Siriese een stam, kan afgelei word van die variante in die opskrif en verse 5, 9, 12, 13, 15 en 19.

5. KONKLUSIES

Die bespreking het dit duidelik gemaak dat die verband tussen 12t4 en die ander Siriese manuskripte en die Grieks en Hebreëus van Psalm 151 en die Hebreëus van Psalms 154 en 155 baie ingewikkeld is. Dit is ook waar van die opskrifte en die kantlynaantekeninge in 12t4. Dit is egter duidelik dat 12t4 'n eie tradisie verteenwoordig ten opsigte van al die Psalms en dat die ander Siriese manuskripte 'n ander tradisie verteenwoordig, ten spyte van die variante wat tussen die ander manuskripte onderling voorkom.

Die opskrif van Psalm 151 is verwant aan die opskrif in die Septuagint, waarskynlik via Athanasius. In die geval van al die opskrifte bevat 12t4 'n tradisie wat van die tradisie in die ander manuskripte verskil.

Die kantlynaantekeninge en korreksies in 12t4 is verwant aan die tradisie van die ander manuskripte in die geval van Psalms 151, 154 en 155, maar dit is nie altyd identies aan daardie tradisie nie.

Wat Psalm 151 betref, is die teks van 12t4 nader aan die Septuagint as die teks van die ander Siriese manuskripte. Dit blyk veral uit die byvoeging tot vers 1 in die ander manuskripte. Die teks van die ander manuskripte verteenwoordig 'n poging, wat ook in Psalms 152 en 153 aangetref word, om hierdie Psalms nouer te verbind aan die Peshitta van 1 Samuel. Die verskille in die tekste van hierdie drie Psalms hou verband met die Siriese oorlewering. Wat Psalms 154 en 155 betref, kan twee tradisies ook in die Siries onderskei word. Die tradisie wat deur 12t4 verteenwoordig word, is nader aan die Hebreëus van Qumran as die ander Siriese tradisie, maar is steeds nie identies daarmee nie.

Bibliografie

- BAARS W
1972. *Apocryphal Psalms*. The Old Testament in Syriac, Part IV, fascicle 6. Leiden: Brill.
- BLOEMENDAAI W
1960. *The headings of the Psalms in the East Syrian Church*. Leiden: Brill.
- CHARLESWORTH JH & SANDERS JA
1985. More Psalms of David. In: Charlesworth JH (ed.) 1985:609-624.
- CHARLESWORTH JH (ed)
1985. *The Old Testament Epigrapha*. Volume 2. Garden City, New York: Doubleday.
- HARAN M
1988. The Two Text-Forms of Psalm 151. *Journal of Jewish Studies* 39:171-182.
- KÜMMEL WG (Hrsg)
1974. *Poetische Schriften*. (Jüdischen Schriften aus hellenistisch-römischer Zeit. Band IV. Lieferung 1.) Gutersloh: Verlagshaus Gerd Mohn.
- NOTH M
1930. Die fünf syrisch überlieferten apokryphen Psalmen. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft* 48:1-23.
- SANDERS JA
1965. *The Psalms Scroll of Qumrân Cave 11 (11QPs^a)*. (Discoveries in the Judean Desert IV.) Oxford: Clarendon Press.
- SKEHAN PW
1976. Again the Syriac Apocryphal Psalms. *Catholic Biblical Quarterly* 38:143-158.
- VAN DER WOUDE AS
1974. Die fünf syrischen Psalmen. In: Kümmel, W G (Hrsg) 1974:31-47.
- VAN ROOY HF
1993a. The Hebrew and Syriac version of Psalm 154. *Journal for Semitics* 5:97-102.
- VAN ROOY HF
1993b. Psalm 155: one, two or three texts? *Revue de Qumran* 58:149-162
1994. The origin of the Syriac Apocryphal Psalm 153. *Journal for Semitics* 6:192-200.
1995. The textual traditions and origin of the Syriac Apocryphal Psalm 152. *Journal of Northwest Semitic Languages* 21/2:93-104.
- WIGTIL DN
1983. The sequence of the translations of Apocryphal Psalm 151. *Revue de Qumran* 11(43):401-407.